



RENTEKOERSBESLUIT

Terreur kan Reserwebank laat kopkrap

Aanvalle ‘skep nuwe onsekerheid’

Francois Williams

Kaapstad. – Nuwe geopolitieke spanning wat hoog loop ná die naweek se terreur-aanvalle in Frankryk en wat ook vir finansiële markte implikasies inhou, kan dinge vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank ingewikkelder as verwag maak wanneer hy vandag begin vergader oor rentekoerse.

Bidvest Bank waarsku in ’n verslag die terreur bring nuwe onsekerheid. Plaaslike rentekoerse is volgens Bidvest Bank al te lank te laag, en aanpassings om invoervraag in toom te hou, sal deur die swakker rand op die ekonomie afgedwing word as dit nie deur hoër rentekoerse gedoen word nie.

Volgens Bidvest Bank is die Reserwebank gewoonlik traag om koerse te verhoog.

Groeiverwagtinge lyk swakker as in talle vorige kwartale, en die randwisselkoers is die wisselvalligste in jare.

Die risiko is dat die Reserwebank sal moet kies tussen ’n kwartpersentasiepunt-verhoging nog voor die Amerikaanse Federale Reserweraad syne in Desember verhoog, en om potensieel gedwing te word om die gevolge te dra van ’n mark wat nóg sterker teen die rand spekuleer.

Mohammed Nalla en Reezwana Sumad van Nedbank se korporatiewe en beleggingsbank verwag die bank sal sy repoekers dié keer weer onveranderd hou.

“Die Fed se rentekoersverhoging in Desember sal in ’n tyd van die jaar plaasvind wanneer marklikiditeit laag is, en die markbewegings kan oordrewe wees.

“Dit sal verstandiger vir die Reserwebank wees om die rentekoersverhoging tot Januarie uit te stel om te kyk hoeveel van die Fed se besluit dan reeds ingereken is.”

John Loos, eiendomspesialis van FNB, meen as net na inflasie gekyk word, is daar min druk op die Reserwebank om koerse nou te verhoog, maar daar is goeie redes om rentekoerse drupsgewys op te stoot.

Loos meen die dreigende afgradering van kredietagentskappe en die Fed se plan vir hoër koerse kan die Reserwe-

Nedbank se Rentekoers-barometer vir November

	FAKTORE WAT RENTEKOERS-IMPAAK OP BESLUIT BESLUIT BEÏNVLOED	
WÊRELDEKONOMIE Gewig: 20% 	 Wêreldgroeï	Behou 
	 Inflasie en rentekoerse	Behou 
	 Olieprys	Daal 
SA EKONOMIE Gewig: 40% 	 Ekonomiese groei	Behou 
	 Aanbod (produksie)	Daal 
	 Vraag	Behou 
	 Monetêre toestande	Behou 
	 Inflasie-vooruitsigte	Behou 
	 Markverwagtinge	Styg 
INFLASIE-AANDRYWERS Gewig: 40% 	 Kospryse	Behou 
	 Wisselkoers	Styg 
	 Geadministreerde pryse	Styg 
	 Loonooreenkomste	Styg 
SLOTSOM	Geweegde waarskynlikheid	Daal 27%  Behou 40%  Styg 33% 

Bron: Nedbank

Grafika24

“Dit sal verstandiger wees om die rentekoersverhoging tot Januarie uit te stel om te kyk hoeveel van die Fed se besluit dan reeds ingereken is.

bank dwing om sy koerse in ’n later stadium skerp op te stoot. Maar dit sal sleg wees vir huishoudings, verbruikers en die breë ekonomie. Dit is daarom beter

as die bank koerse dus eerder bietjie vir bietjie opstoot om die aanpassingsproses te laat werk terwyl daar nog nie erge druk is nie.

Hy waarsku huishoudings se skuld-tot-besteerbare-inkomsteverhouding is steeds op baie hoë vlakke, wat hulle kwesbaar maak vir skerp rentekoersverhogings.

Matthew Sharrat, ekonoom van Bank of America Merrill Lynch, verwag die Reserwebank sal die repokoers onveranderd hou weens kommer oor groei en laer as verwagte inflasiesyfers, hoewel die mark ’n 25-basispunt-verhoging tot 6,25% verwag.

Banke se prima uitleenkoerse is tans op 9,5%.